

Sing vooraf staande: Skrifberyming 15-7:1, 2 (43:1, 2)

- 1 Hy wat heilig en waaragtig / en omkleed is met gesag,
wat die sleutel dra van Dawid, / hoogheidsteken van sy mag –
daar is niks wat Hom kan hinder, / wat sy magsvermoë stuit,
wat kan sluit as Hy wil open, / wat kan open as Hy sluit.
- 2 Al jou werke sien en ken Ek, / in hul skoonheid blink hul uit.
En Ek het 'n deur gegewe / wat geeneen vir jou kan sluit.
Dat jou krag gering is, weet Ek, / maar jy eer my Woord as skat,
en jy 't nie my Naam verloën / wat die kennis vol omvat.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm Ps 45:1, 9, 10 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou Heer.

Skriflesing: Johannes 3:22-36

Kernverse: Johannes 3:27-30

Tema: Christus Jesus altyd eerste!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons mense het die natuurlike geaardheid om die aandag op onself te vestig. Party mense doen dit doelbewus, want hulle hou van aandag. Ander mense doen dit met oordrewe nederigheid, want hulle wil tog nie ongenoemd bly nie. Hierdie geaardheid is maar deel van die erfsonde. Kyk maar net hoe maak kinders van so drie, vier jaar oud as hulle agterkom die grootmense hou van wat hulle doen. As hulle eers weet hulle is die middelpunt van belangstelling, sal hulle aanhou om dit te doen waarvoor die grootmense lag.

Dit is 'n geaardheid wat al in die Bybelse tye by mense deurgeslaan het. Kain kon dit nie verdra dat die Here vir Abel en sy offer aangeneem het en nie vir hom nie. Josef se broers was groen van jaloesie omdat hulle pa openlik meer van Josef gehou het as van hulle. En Josef het dit geniet om homself ook belangriker te ag as sy broers. Hy het sy drome met smaak aan hulle vertel. Saul het smoorkwaad geword omdat daar oor Dawid beter lofliedere gesing word as oor hom wat die koning van Israel was.

En tot vandag toe duur hierdie geaardheid by mense voort. Kinders wat gewoon geraak het om hulle sin te kry toe hulle nog klein was, sal as grootmense ook dikwels hulle sin wil hê. Hulle hou nie daarvan as iemand hulle teëgaan nie. Hulle wil die laaste sê hê. Hulle wil die beste werk hê. Hulle wil die grootste huis en duurste motor besit. En as hulle dit nie kry nie en alle ander mense se aandag is nie op hulle gefokus nie, voel hulle uit en terneergedruk, of hulle doen allerhande dinge om die wat bo hulle uitgekrom het, af te kraak en te verneder.

Die ou duiwel vind nogal aanklank by hierdie geaardheid van die mens. Hierdie geneigdheid van mense om die middelpunt van almal se belangstelling te wees het al groot hartseer veroorsaak. Ons weet mos van al die hartseer wat hierdie geaardheid in die Bybelse tye veroorsaak het. En Satan het gedink dat hy ook hierdie geaardheid kan gebruik om die koms van God se koninkryk te verongeluk.

Johannes die Doper was nie baie geliefd by die Jode nie. Broers, susters en kinders, die meeste Jode het eintlik niks van Johannes gehou nie. In die eerste plek het hy rondgegaan en gepreek dat mense hulle moet bekeer, dan sal God hulle sondes vergewe en hulle moet hulle laat doop. Nou om vir die Jode, wat oortuig was dat hulle die uitverkore volk van God is, te sê hulle moet hulle bekeer, is iets wat die Jode nie maklik gesluk het nie.

En om ook nog vir hulle te sê hulle moet hulle laat doop as bevestiging van hulle bekering, was vir die Jode verregaande, nie omdat doop vir die Jode onbekend was nie, maar juis omdat hulle dit geken het. 'n Heiden wat die Joodse geloof aangeneem het, is eers gedoop voordat hy besny is. Met hierdie doop wat die heiden ontvang het, het hy bevestig dat hy sy heidense ongeloof en afgodery agterlaat om die God van Abraham, Isak en Jakob te dien. Dit was oor hierdie verstaan van die doop dat baie Jode nie te gretig was om na Johannes te luister nie. Hulle is mos nie heidene nie. Hulle is Jode.

Nie baie lank nadat Johannes met sy prediking begin het nie, het Jesus op die toneel verskyn. Sodat veertig dae nadat Hy deur Johannes gedoop is, het Jesus ook begin preek. En tot baie se verbasing en die Jode se ontsteltenis het Jesus se preke op dieselfde trant as Johannes s'n begin. Jesus het ook die mense opgeroep om hulle te bekeer. En toe het dit ook nog bekend geword dat Jesus en sy dissipels mense doop.

Dit is nou hier waar die Satan gedink het dat hy met die Jode se ongelukkigheid oor beide Johannes en Jesus se preke en hulle dopery kon keer dat die koninkryk van God gevestig raak op die aarde. 'n Jood het met volgelingen van Johannes geargumenteer oor die reiniging. Wat hulle presies vir mekaar te sê gehad het, weet ons nie. Ons kan wel aflei dat die doop wat Johannes bedien het in die gesprek genoem is, aangesien dit ook reiniging aandui. En dit is toe net hier waar die duiwel met hierdie Jood se argument 'n twis wou laat ontstaan tussen Johannes en Jesus. Die Jood het die

opmerking gemaak dat Jesus ook nou begin het om mense te doop. Ons weet egter dat dit eintlik nie Jesus was wat gedoop het nie, maar sy dissipels wat dit op sy bevel gedoen het.

Vir die volgelinge van Johannes het dit nie saak gemaak of Jesus doop of nie. Wat hulle gepla het, is die feit dat Jesus dit sommer so op sy eie doen. Daarom het hulle na Johannes toe gegaan het en gesê: “Rabbi, Hy wat oorkant die Jordaan by u was, van wie u getuig het, weet u, Hy doop ook, en almal gaan na Hom toe.”

Uit hulle woorde lei ons af dat hulle meen Johannes is eintlik belangriker as Jesus. Hulle noem Johannes ‘Rabbi’, maar hulle noem nie eers Jesus se Naam nie. Volgens hulle siening moes Jesus eerder soos hulle ook ’n volgeling van Johannes geword het omdat Johannes Hom gedoop het. Vir hierdie volgelinge was Johannes dié een na wie almal moes opkyk en nie na Jesus nie. En nou wil hulle hê dat Johannes iets aan die saak moet doen. Dit kan mos nie net so gelos word nie.

In teenstelling met dit wat sy volgelinge wou hê, gee Johannes ’n antwoord waarin die kollig nie op hom nie maar voluit op Jesus Christus gevestig word. Johannes se antwoord is die uitsonderlike voorbeeld van hoe elke mens wat God se Woord verkondig hulleself moet verneder en Christus verhoog. Die wêreld draai nie om die een wat preek nie maar om Christus wat gepreek word. Hoor hierdie vierdelige antwoord van Johannes.

Die eerste deel van die antwoord: Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie. Johannes se antwoord is so anders as wat die Satan wou gehad het. Hy bars nie ’n woedebui vol jaloesie uit nie. Hy berus hom by God se besluit. Niemand kan die werk doen wat Jesus doen as dit nie vanuit die hemel aan hom gegee is nie. En Johannes weet dat die hemelse Vader self vir Jesus as die Christus bevestig het. Hy het gesien hoe die Heilige Gees op Jesus gekom het die dag toe Hy gedoop is. Die Heilige Gees is sonder enige beperking aan Jesus gegee. Daarom het Hy ook die volmag om mense na Hom toe aan te trek, te leer oor die koninkryk van God en hulle te laat doop.

Geliefdes, hierdie gesindheid van Johannes behoort elke gelowige se gesindheid te wees. Nooit mag ons op iemand anders jaloers raak as die Here aan iemand anders groter vermoëns of meer invloed gee as aan ons nie. Die Here gee sy gawes deur die Heilige Gees soos wat Hy wil en weet goed en reg is. Daarom mag ons nooit dink dat Hy onregverdig of partydig is nie.

Johannes het immers ook geweet dat hy ’n profeet en ’n prediker was omdat die Here dit uit die hemel aan hom gegee het om dit te doen. En die Here wat sy gawes gee, kan ook sy gawes weer terugneem wanneer Hy weet dat hierdie spesifieke dienskneg sy werk klaar gedoen het. As Jesus dan nou meer aansien en meer volgelinge as Johannes het, is dit omdat sy werk – as die een wat die pad vir die Here moes gereed maak – einde se kant toe staan. Omdat die Here Johannes se werk geseën het, was sy werk waardevol, want die pad is nou gereed vir Jesus om die koninkryk van God te kom vestig.

Broers, susters en kinders, dit is alleen deur die Here se genade wat Hy aan ons almal betoon het dat ons is wie ons is en dat ons die werk doen wat ons doen. Deur die Here se genade is julle nou die kerk wat Hy van julle gemaak het. En aan die Here alleen kom die lof en dank toe dat Hy gekies het om my, ’n sondaar, in hierdie gemeente van Hom te gebruik solank as wat Hy wil. Ons almal is net diensknegte in die koninkryk van God en Jesus bepaal wie waar sal werk en vir hoe lank. En elke dienskneg se plig is om die kollig op Jesus die Verlosser van die kerk te laat val – nooit op homself nie.

In die tweede deel van die antwoord beroep Johannes hom op die getuienis wat hyself gegee het: Julle is self my getuies dat ek gesê het: “Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom

uitgestuur.” Die aanhoudende gekarring van die priesters en ook die vleiere van sy eie volgelinge het Johannes nie laat afsien van sy getuienis oor Jesus nie. Hy het volgehou dat hy nie die Christus is nie, maar net die een wat voor Hom uitgestuur is.

Met hierdie antwoord wys Johannes sy volgelinge daarop dat hulle nie mooi geluister het nie. Hulle sê self dat Johannes van Jesus getuig het. Nou vra Johannes hulle om juis daardie getuienis te onthou. Wanneer julle onthou wat ek van Jesus gesê het, sal julle self beseft hoe verkeerd julle redenasie is. Ek het mos gesê dat ek nie die Christus is nie. Hoe kan julle my dan teenoor Hom stel? As ek dan gesê het dat ek net voor Hom uitgestuur is, hoekom is dit dan vir julle so vreemd dat ek nou opsy staan vir Hom? Indien Jesus nou meer aanhang begin geniet, beteken dit mos dat ek my opdrag uitgevoer het.

En wat 'n troosryke oomblik moes dit nie vir Johannes gewees het nie, geliefdes. Hy is vooruitgestuur om die pad vir die Here gereed te maak. En nou kry hy die berig dat die Here Jesus inderdaad begin optree het. Afgesien van hierdie paar volgelinge van Johannes wat 'n verkeerde siening van hom het, is daar baie meer mense wat verstaan het dat Johannes en Christus nie in kompetisie met mekaar is nie. Jesus is baie groter as Johannes, want Hy kom van bo af uit die hemel. Johannes hoort by die aarde en is nie eers werd om Jesus se skoene uit te trek nie. Daar is dus rustigheid by Johannes. Hy het nie mense mislei nie. Dit is net hierdie paartjies wat nog 'n verkeerde begrip van Johannes se plek teenoor Jesus het. Daarom verseker hy hulle weer dat hy nie die Christus is nie, maar net die een wat voor Jesus uitgestuur is.

Geliefde gemeente, elke prediker het alleen maar net die opdrag om vir mense die weg na Jesus toe te wys. Nooit mag die aanhang van mense groter wees as Jesus se aanhang nie. Mag die Heilige Gees elke prediker keer en bekeer as hy groter aansien as Jesus wil hê. Vir elke prediker moet daar altyd groot blydskap wees wanneer mense deur sy gebrekkige woorde by die Here Jesus gekom het.

Broers, susters en kinders, in die derde deel van die antwoord word dit juis duidelik dat Johannes glad nie teleurgesteld of spyt is oor wat nou aan die gebeur is nie. Inteendeel, hy sê self dat hy oorloop van blydskap. En hy verduidelik sy blydskap met 'n baie mooi beeld.

Hy wat Johannes is, is nie die bruidegom nie. Hy is maar net die vriend van die Bruidegom. Jesus is die Bruidegom en die bruid behoort aan Hom. Johannes se volgelinge sê dat almal na Jesus toe gaan. Johannes bevestig dit is wat inderdaad moet gebeur. Na wie anders moet hulle gaan? Hy het die reg om die mense na Hom toe aan te trek, want Hy is die Bruidegom. Wanneer Johannes vir Jesus voorstel as die Bruidegom van die bruid, weerklink die Ou-Testamentiese woorde waarin Israel die bruid van God genoem word. Wanneer Jesus dan die Bruidegom genoem word, kan 'n mens ook nie anders nie as om die Godheid van Jesus raak te sien nie. Jesus is inderdaad die Seun van God wat mens geword het sodat sy bruid, die kerk, kan agterkom hoe lief Hy haar werklik het.

Dit is waar dat Johannes die bruid gedoop het met water. Maar dit is nie die water wat die bruid van haar sondes reinig nie. Jesus reinig self sy bruid, want Hy doop met die Heilige Gees wat Hy sonder enige beperking ontvang het. En Hy gee sy Gees aan almal vir wie Hy die skuld aan die kruis betaal het. Daarom mag die kerk nooit die kerk van Johannes genoem word nie, maar die kerk van Jesus Christus. Hy is die Bruidegom van die kerk, want net Hy het vir sy kerk ten volle betaal met sy kosbare bloed.

As vriend van die Bruidegom kan en mag Johannes nooit die aandag op homself vestig nie. Deur sy prediking en doop het Johannes die mense aan Jesus voorgestel. Deur sy prediking het hy vertel hoe 'n goeie Bruidegom Jesus is. Jesus sal sy bruid vir Homself neem en Hy sal haar deur sy Gees wonderlik mooi maak. Sy sal geen vlek of rimpel hê nie, want Hy wil haar tot voor sy Vader in die

hemel bring en Hy weet sy Vader is tevrede net met dit wat 100% volmaak is. Die mense wat dan buig voor die Here Jesus sal nooit as te nimmer spyt wees nie. Hulle kan verseker wees van 'n verhouding wat deur Jesus nooit verbreek sal word nie. Hy sal hulle nooit teleurstel nie en ook nie hulle harte breek nie.

Broers, susters en kinders, vir die een wat die opdrag het om te preek is dit 'n baie groot voorreg om vriend van die Bruidegom genoem te mag word. Mag die Heilige Gees my en elke ander prediker so beheers dat Jesus altyd as die Bruidegom gepreek mag word. Mag julle Hom raaksien en Hom volg, want Hy is julle Verlosser en Redder.

Aangesien Jesus dan die Bruidegom van die kerk is, kan dit ook nie anders nie. Christus moet altyd meer word en Johannes minder. Die toename van Christus se grootheid is nie iets wat maar gelate aanvaar moet word omdat 'n mens niks daaraan kan doen nie. Alhoewel dit onvermydelik is dat Jesus altyd meer word, is dit iets wat met groot blydschap aanvaar en afgewag word. Daarom is Johannes met blydschap vervul, want Jesus, die Lam van God, kry al meer en meer sy regmatige plek onder die mense wat gereed gemaak is vir die koms van die Here.

Dat Jesus al meer word, is waarvoor daar van die begin af gewag is. In Hom het die koninkryk van God onteenseglik in hierdie stukkende wêreld ingebreek. En wat die volgelinge van Johannes nou sien, is nog niks in vergelyking met wat gaan gebeur nie. Dit is nie net die uitverkorenes onder die Jode wat koninkryk van God is nie. Deur die verkondiging van Jesus Christus sal die koninkryk van God oor die hele aarde groei, want uit elke volk, stam en taal, is daar mense wat aan Jesus Christus behoort en koninkryk van God sal wees en word. Oral oor die hele wêreld sal Jesus Christus 'n groot aanhang hê.

Watter eer en lof ons ook al aan mense wil bring, dit moet noodwendig vervaag en verdof in die lig van Jesus Christus. Niemand is ooit groter as Jesus nie. Trouens, die Vader het sy Seun, Jesus, lief en Hy het alles in sy Seun se hand gegee.

Ons almal is in die hand van Jesus. En wat 'n troosryke voorreg is dit om in die hand van Jesus te mag wees. Dit is hande wat deurbaar is omdat Hy ons vir Hom gekoop het. Dit is hande wat gebloei het omdat Hy ons tot die uiterste liefhet. Daarom kan ons weet in sy hande is ons altyd veilig.

Dit gaan in hierdie lewe glad nie oor ons nie. Hoe belangrik die werk ook al mag wees wat ons doen, ons bly altyd maar net diensknegte van ons Here Jesus Christus. Mag Hy deur ons werk en woorde altyd eerste kom. Mag ons altyd kleiner word agter Hom, want dit is alleen deur Hom dat ons eendag voor sy Vader en ons Vader sal kan gaan staan om Hom te loof en te prys tot in ewigheid.

Amen!

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 15-7:4, 5, 6 (43:4, 5, 6)

- 4 Omdat jy die Woord bewaar het / van my lyde^{en} lydsaamheid,
is Ek jou ook 'n Bewaarder / in die uur van sware stryd
as die tye van besoeking / (elke mond sal dan verstom!)
oor die aarde^{en} sy bewoners / in die felste smarte kom.
- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.
- 6 Op hom sal 'k die Godsnaam skrywe, / onuitwisbaar sal dit straal,
met die naam ook van die Godstad / wat van God op aarde daal.
Daar skryf Ek my nuwe Naam ook, / waar hy draer van sal wees.

Laat wie ore het, dan luister / na die roepstem van die Gees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Intreepreek
24 Julie 2011